PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII MAANDAG, 12 MAART 1973 Nr. 12

HET APTEI
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# NUWE A.S.B. IS DINAMIES

**„EK KAN hier kategories verklaar dat die A.S.B. intern besonder sterk staan. In die A.S.B.-hoofbestuur en onderling tussen lede heers daar 'n ongekende gees van optimisme. 'n Dinamiese krag is besig om los te kom en te groei tot ongekende hoogtes. Die A.S.B. raak aggressief."**

So het mnr. Leon Wessels, president van die A.S.B., die nuwe gees en struktuur van die organisasie verlede week op 'n massavergadering opgesom. Dit was mnr. Wessels se eerste openbare optrede sedert die A.S.B. se herstruktureringskongres in Bloemfontein verlede jaar.

Die ou stelsel in die A.S.B. het sy doelwitte bereik deur middel van sekere departemente wat onder die leiding van direkteurs gestaan het. So 'n lid het nie noodwendig altyd deskundige kennis oor sy departement beskik nie. Nou pak die A.S.B. 'n reeks projekte aan wat hy wil deurvoer. Die projekte kan van jaar tot jaar wissel en hoef geensins beperk te wees nie, het mnr. Wessels gesê.

Daar is reeds ver gevorder met die beplanning en uitvoering van projekte soos akademiese saamtrekke, ontwikkelingshulp in Bantoe-tuislande en 'n standaardisering en uitbreiding van die Bond se publikasies. Die stigting van 'n geregistreerde A.S.B.-welsynorganisasie geniet nou ook aandag .

Aangesien dit in die „binnekamers van die Bond" goed gaan sal die eksterne verhoudinge van die A.S.B. in die toekoms ook meer doelgerig wees.

## NUSAS:

Mnr. Wessels het 'n brief wat mnr. Paul Pretorius, president van NUSAS, aan die Eerste Minister van Nieu-Seeland gerig het en waarin daar gepleit word dat die voorgenome Springbokrugbytoer afgelas word sterk afgekeur. Hy het bekend gemaak dat hy self aan mnr. Kirk 'n brief gerig het waarin hy beklemtoon dat hy en die A.S.B. „geensins mnr. Pretorius se sentimente t.o.v. van daardie toer en sport in die algemeen in Suid-Afrika deel nie."

'n Ander saak waarteenoor die A.S.B. standpunt inneem is die spekulasie in 'n NUSAS-nuusbrief dat die Van Wyk de Vries-kommissie beperkende maatreëls op studente sou voorstaan. NUSAS sinspeel verder dat die A.S.B. dan saam met hul in verset sal kom teen die Regering. „Die A.S.B.-hoofbestuur se standpunt is kort en duidelik. Alvorens ons hierdie verslae ter insae gehad het, weier ons om daaroor te spekuleer of ons in enige geskil hieroor te laat betrek".



## S.A.S.O.:

Hierdie swart studenteorganisasie met sy anti-blanke houding is besig om al verder en verder van blanke organisasies af weg te dryf, het mnr. Wessels gesê. „Ek het waardering vir hulle standpunt van geen skakeling met blanke studente' in soverre ek verstaan wat hulle bedoel en ek verheug is dat hulle in hul eie studente-organisasie namens hulself wil praat. In hierdie multi-nasionale land met sy ryke verskeidenheid van volkere en rasse is dit duidelik dat S.A.S.O. hom binnekort voor 'n kruispad gaan bevind. Die een groep kan die ander nie onbepaald ontwyk nie en daar bestaan by my nie die minste twyfel dat ons mekaar êrens in die toekoms van aangesig tot aangesig om 'n konferensietafel sal ontmoet nie."

**Foto bo: Verwelkoming van mnr. Leon Wessels op die lug hawe Jan Smuts.**

Vervolg op bladsy 2.




**Nog 'n uitbeelding van Wits se denke. (Bo.)**
*Foto: Die Transvaler.*



**Foto Links:**
**Mnr. Steven Friedman, lid van Wits se S.R. spreek die protesvergadering toe.**
*Foto: Die Transvaler.*

# ONGEWENSTES WORD INGEPERK

Die Eerste Minister van S.A. sy edele mnr. B. J. Vorster, het op Dinsdag 27 Februarie die eerste twee tussentydse verslae van die kommissie na Ondersoek van sekere organisasies in die parlement voorgelê. Mnr. Vorster was kort en saaklik toe hy hierdie verslae voorgelê het. (Sien berig oor hierdie verslae op bladsye ses en sewe).

Na aanleiding van die twee verslae het die regering besluit om agt persone wat o.a. 'n leiersposisie van NUSAS was, in te perk. Die agt persone is mnr. Paul Pretorius, huidige president van Nusas, Paula Ensor, sekretaris-generaal van Newswell, Sheila Sapinsky, sekretaresse van NUSAS, Philippe Le Roux, sekretaris-generaal van Aquarius, Clive Keegan, voormalige vise-president NUSAS, Neville Curtis, voormalige president van NUSAS, Chris Wood, voormalige Transvaalse direkteur van NUSAS en Dr. Rick Turner, hoof van die Departement Staatsleer aan die Universiteit van Natal.

Mnr. Louis Nel het gesê die regering beskou hierdie groep militante aktiviste as ongewenste elemente in 'n studentegemeenskap.

**Reaksie van NUSAS-Universiteite.**

Op verskeie Engelse kampusse het noodvergaderings van die onderskeie studenterade plaasgevind, terwyl die dagpers, radio en ander media veel daaroor te sê gehad het. Wits, Ikeys, en Pietermaritzburg het o.a. etensuur-protesvergaderings op 28 Februarie gehou.

Verskeie nuuskierige Pukke het die vergadering by Wits bygewoon. Hulle mening van die vergadering was dat dit besonder „flou" was. Intussen het mnr. Roy Ainsley dadelik leiding oor geneem en sal hy die kongres in Juliemaand as president waarneem.

Oudergewoonte het Wits weer hul toevlug tot plakkatbetogings langs Jan Smutsrylaan geneem. Hul het egter alle perke van welvoeglikheid oorskry met sekere plakkaatopskrifte. Dit is ook tydens hierdie betogings dat R.A.U. en Wits slaags geraak het.

**A.S.B. reaksie.**

Mnr. Leon Wessels en Toon van Tonder wat ten tye van die bekendmaking van die verslag in die Suide besig was met 'n tak-besoek, het gereël vir 'n spesiale A.S.B. hoofbestuursvergadering.

Met mnr. Wessels en van Tonder se aankoms Woensdag, 28 Februarie, op Jan Smuts, was daar ongeveer tientalle R.A.U.-studente om hulle te verwelkom asook die hoofbestuurlede van die PUK, Tukkies en R.A.U.

Die volgende oggend het die lede van die A.S.B.-hoofbestuur onder leiding van mnr. Wessels vergader waartydens die twee tussentydse verslae indringend bespreek is en toe 'n persverklaring aan die pers vrygestel is.

**Afloop:**

Nieteenstaande die giftige aanvalle van die Engelse pers teen die regering en regeringsgesinde organisasies, blyk dit tog asof die bohaai oor die hele saak aan die afloop is.

Die hele saak het 'n verdere wending geneem toe agt nie-blankes ook ingeperk is, maar dit het egter weinig opspraak verwek.

Die Bult
Apteek / Pharmacy
*Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.*

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

# OP DIE KOSHUISFRONT

## Over de Voor

In Over de Voor is alles nog onder beheer. Hoewel ons aan die einde van verlede jaar 'n ongekende aantal Groot Geeste aan die sameleweing moes afstaan, is die gees goed en loop die geesdrif hoog vir die komende jaar.

Die huiskomitee is ook nou weer op volle sterkte. Op 'n spesiale vergadering is Marius Kruger gekies om die vakante pos te vul.

Daar is ook reeds 'n koshuisvergadering gehou. Behalwe sake van algemene belang wat bespreek is, is ook 'n hele aantal nuwe ministers in die vakante poste aangestel. Die ou here het ook meer as genoeg geleentheid gekry om suur te word oor die spul onbeholpe skepsels wat aanmatigend genoeg is om hulle op dieselfde vlak as die ntelligensia te waag.

Die meeste inwoners het hul radio's verkoop of soek nog na kopers, die rede: Ben du Toit is terug, kitaar en al.

Die Voor is hard besig om reëlings te tref vir die 17de Maart wanneer ons Taaibos van Tukkies hier ontvang. Daar sal in 11 sportsoorte meegeding word.

Die rugbyspelers is hard besig om te oefen onder die bekwame leiding van Fanie Grobler, klubkaptein vir 1973. Die toewyding waarmee hy sy taak aangepak het, moet vrug afwerp. Mind you, die Voor sal weer vanjaar 'n krag wees om mee te reken, al trek die Puk ook hoeveel spelers. Dan is daar natuurlik ook nog die ander harde oefening, die „Boat-race" wat gereeld bygebing word, veral deur Hentie.

Over de Voor het ook hard probeer op die P.U. atletiekkampioenskappe, maar, soos Eric Louw sou sê, 'n mens kan nie donderweer uitdaag nie en ons was tweede na Dorp. 'n Paar Pukkampioene is gelewer nl' Hamer v.d. Merwe (hamergooi), Henk du Toit (O!19 skyfwerp en gewigstoot), Ben Heymans (O!19 paalspring) en die O!19 aflosspan.

Twee ligakrieketwedstryde is ook gespeel waarvan een gewen is. Ernst Kotze (teen Pote( en Bossie Rens (teen Dorp) het goed gevaar met die kolf.

## Heimat

Ja, die jaar is al weer so te sê verby . . .

Pukke, hierdie jaar gaan 'n groot jaar wees — hou ons dop! Reeds het ons eerstejaars gesorg vir 'n „vriendelike" besoekie van die primaria van Kasteel, Karlien en Kulu aan ons koshuis — genoemde koshuise se „DORE" het sleg gevoel.

Verlede week het)ons heerlik gees gevier saam met 'Kasteel (en die res van Kompleks) — ons oë was nog nooit te groot vir ons maag nie.

Hiermee ook 'n waarskuwing aan Kulu dat ons hulle met die kous oor die kop gaan koshuis toe stuur (soos verlede jaar) met ons kragmeting in Netbal. Ons hoop dit gaan 'n jaarlikse instelling bly.

Ter afsluiting — baie welkom terug en baie geluk aan ons ou manne wat almal die paal gehaal het, en dan (eintlik 'n hartseergedagte): Ons mis julle ou spul Haak- en Stekers wat nou oor die hele Potchefstroom versprei is — julle bly egter welkom by ons!

## Klawerhof

Vakansies bring dikwels veranderings en so het ons koshuis ook hierdie vakansie 'n gedaantewisseling ondergaan en het die seniors teruggekeer na 'n nuutgeverfde Klawerhof met nuwe blokkiesvloere. Tesame hiermee het ons ook 'n nuwe H.K. lid gekies en wel Ineke Lindhout onder wie se leiding ons koshuiskoerant, Klaernonsies, die eerste lewenslig aanskou het.

Met die hulp van Dorp het ons ok daarin geslaag om die P.U. atletiekkampioenskappe te wen. Dat ons vanjaar weer 'n groot kanon gaan wees op die sportvelde spreek vanself — ons hokkie — en netbalspanne oefen alreeds.

Op interkoshuisvlak het ons reeds intertees met Dorp en Thaba Jah, Skuur en Liberalia gehou en ons beplan nog sommer baie meer sulke geleenthede en aksies.

## Soetdorings

Pukke, of julle dit nou wil glo of nie, Soetdorings is 'n PUKkoshuis. Om die waarheid te sê is ons V.I.P(nkke), te oordeel aan ons mooi koshuis en ons heerlike kos. Gekleurd, soos ons op die atletiek bestempel is, is ons bepaald nie.

Ons eet saam met POTE en al is ons amptelik veronderstel om hulle vyandiggesind te wees, is ons goeie bure. Dit gaan sommer baie goed. Hulle behandel ons soos PUKKE en ons hulle soos POTE.

Mnr. en mev. Kemp, ons huisvader en -moeder, het hulle hande op die oomblik net baie vol om die klomp PUKKE getem te kry. Oriëntering in die nuwe POTE-reëls gaan nie altyd te maklik nie.

Onder die 47 inwoners, is agtien senior-dames. Met ons eerstejaars het al almal reeds deeglik kennisgemaak op die uitkenningsparade. Hulle het hul flikkers deeglik gegooi deur die foto's van hul helde om die nek te dra. Eerstejaar Linda Duwenhage het sommer hoog gemik. Sy het sommer vir Kobus van der Walt geannekseer. Maureen de Villiers se held en kêrel het sommer groot stoornis met mekaar opgetel.




Soetdorings 'is nog maar skaars 'n maand lank PUKkoshuis en ons kan reeds spog met 'n Karnavaldoedie uit ons geledere, nl. Elza Pienaar. Cathy Hough en Thea Heynecke het ook reeds op die atletiekveld getoon dat daar nog baie talent in Soetdorings verskuil lê. PUKKE julle sal wel nog deeglik met ons kennismaak. Wag maar tot die SER-kompetisie.

Oosterhof, met 'n woordjie van dank vir die lekker saamwerk met die atletiek. Hoe lyk dit met 'n interaksie tussen ons?

Dan 'n verwyt aan die Pukke wat so bevoorreg is om motors aan te hou, maar tog geen naasteliefde het nie — Ons sal duimgooi moet begin oorweeg as julle aanhou om ons nie raak te sien as ons die lang pad kampus toe en kerk toe aandurf nie.

Ons intertee met Grammadoelas was sommer baie lekker. Dit lyk of Karlien die skoot sommer hoog deur het met Klooster. Net 'n gerusstelling van ons kant, Karlien. Al sing ons saam met Klooster op die sêr-kompetisie, sien ons regtig nie kans vir vyftig mans elk nie.

PUKKE, sien julle op die Karnaval. Kulu, hoe lyk dit met 'n donkieresies en Skuur, sien julle kans om met ons mee te ding op die renkarre?

Ons is nou wel die kleinste dameskoshuis op die PUK, maar ons DAAG.



„Dis nie 'n bars in jou bord nie; dis jou ham."

## Twee K's Ontmoet

**DIT LYK asof 1973 'n jaar van hoogtepunte vir Karlien gaan wees. Die belangrikste element naamlik 'n goeie gees, blyk duidelik uit die bywoning van interaksies soos die met Klooster verlede Dinsdag.**

Vroeg die middag al het Karlien in groot getalle na Klooster opgetrek vir die grootste fees ooit. Die dames is spoedig vir 'n sokkerwedstryd uitgedaag en het nie op hul laat wag nie. Die wedstryd is natuurlik in hul guns beklink. Daarna het 'n netbalwedstryd plaasgevind wat groot afgaan geniet het. Die driebeen- en kruiwaresies was maar 'n taamlike ongemaklike proses en het almal laat skaterlag.

Die sogenaamde "boatrace" het groot belangstelling uitgelok- maar groot was die teleurstelling toe hul sien dat dit net water was. Gelukkig het die waatlemoenfees hiervoor opgemaak, en veral die swemgala net daarna. Hierdie keer moes die dames maar tevrede wees met 'n tweede plek.

Die toebroodjies en wors daarna het menige honger-mae gestil en die etensuurtjie was die begin van baie nuwe romanse.

Dit was egter nie al nie — 'n interessante konsert is deur die eerstejaars van beide koshuise in die „luukse" saal van Klooster aangebied.

Die laaste item op die program was 'n gedig voorgedra deur „Eugene Marais" en opgedra aan die dames van Karlien. Hierdie gedig het die groot vraag en Karlien se antwoord was 'n eenparige JA!!!!

U kan gerus u bande versool by . . .



**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
**Groot Voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

**Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee**

●

U KEN ONS

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

**By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.**

●

DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?

KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

**Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.**

## A.S.B. is kerngesond

**Vervolg van bladsy 1.**

**STELLENBOSCH:**

Die studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch is dit nou erns om na die disaffilisassiebeweging van 1968, die mislukte heraffiliasie-poging van 1970 en die daaropvolgende moddergooi en debattering sy verhouding tot die A.S.B. krities te beskou. 'n Komissie bestaande uit die studenteraad is tans met 'n ondersoek van die Bond besig. Mnr. Wessels het dit egter beklemtoon dat die A.S.B. besig is om te beweeg met „lou-warm neutrales" hulle nie veel simpatie het nie.

Aan die gewone student het mnr. Wessels die versoek gerig om sy ideale akademies te funder. Alleen so sal daar dan 'n geestelike buffer in die land gevorm kan word. 'n Gebalanseerde student behoort aan alle fasette van die studentelewe deel te neem en moet dan veral standpunt kan inneem en betrokke wees. Daar moet veral gewaak word teen die professionele agitator wat nie primêr universiteit toe kom om akademiese kwalifikasies te verwerf nie.

Die dagbladpers waarsku dat dat daar twyfel in die hart van die Afrikaner bestaan en dit is „nou, op 'n tydstip wanneer openbare figure hier in die pylvak lam in die knieë raak, die Afrikanerstudent se taak om hulle met entoesiasme te ondersteun", het mnr. Wessels gesê.

die WAPAD

# STUDENTEPROTES

Uit die aard van die saak het elke burger, seker ook so elke student, die reg om na gelang van sy eie mening ontevrede te voel met ander se besluite. Daarom het elke student die reg om te protesteer indien hy nie saamstem nie.

Dit moet egter te alle tye binne perke bly en te alle tye moet die bestaande kanale gevolg word. Niemand, nie die regering, nie die parlement, nie 'n politieke party, nie die polisie of die Afrikaanse student wil die Engelstalige Nusas-aanhangers enigsins beroof van hulle reg as burger om te protesteer nie. Dit is tog snaaks dat hierdie demokratiese deur die Engelse pers so verkrag word dat ons medestudente op RAU of GOK nou nie mag betoog ter ondersteuning van die regering nie of as hulle, jeugdig van aard, hulle eweknieë Witsies 'n bietjie teengaan, beskryf word as regeringsnapraters.

Die *Daily Mail* wil in sy hoofartikel van Vrydag 2 Maart 'n sondebok vir die regering se inperkings soek. Nou word die manne van RAU EN GOK hulle demokratiese reg ontneem. Is dit die Afrikaanse student se skuld dat plakkate met vloekwoorde daarop deur die Witsies gemaak word? Is dit die Afrikaanse student se skuld dat 'n plakkaat soos volg lui: "Will they ban Christ next?" Is dit die Afrikaanse student se skuld dat sekere betogers onder ons Engelse vriende hulle nie kan gedra nie? Tog word RAU en GOK nou die sondebokke en plakkaatbetogers!

Aan ons vriende op die Witskampus (sommer aan alle betogers): Julle uiters verkrampte manier van protes deur plakkaatbetogings is nou afgesaag. Probeer iets nuuts. Wees nou so radikaal as wat julle voorgee en volg vir 'n slag die kanale wat behoort gevolg te word.

# Student in die jaar 1973

'n Woelige wêreld;
'n onstabiele ekonomie;
onrusbare tendense;
slenterdrag ('n weerspieëling van 'n slentergees?);
sportpolitiek;
politieksport;
persvryheid;
Nusas-fandalisme;
demokrasie wat bandeloosheid moet verdra;
'n regering met 'n ferm hand;
plakkaatreaksie met gruwelike banaliteit.



— deur —

J. P. BINGLE, Th.B. rr.

(*Foto: Fotokuns.*)

## Studentemening

En jy is student in so 'n wêreld.

Om student te wees beteken vorming — in tweërlei opsig: jy word eerstens wetenskaplik gevorm, en tweedens word jy sosiaal en kultureel gevorm om grootmens te word. Lg. het ten nouste te make met jou deelwees van die studentegemeenskap.

Jy moet die balans tussen die twee handhaaf.

Handhaaf jy dit?

Jou roeping is egter veel groter as balanshandhawing. Ek het pas 'n prentjie van die Suid-Afrikaanse 1973 geskilder. In so 'n wêreld is jy 'n student aan 'n Christelike Universiteit. Dit verwag van jou om nieteenstaande 'n dusdanige wêreld, nog met verantwoordelikheid te leef — met die verantwoordelikheid van 'n Chrsten (of bestaan jou christenskap net daarin dat jy 'n ingeskrewe student van die P.U. vir C.H.O. is?)

Iemand het dit mooi uitgedruk: „Soos nog nooit tevore nie het die mens vandag 'n kosmiese kennis en bewussyn: hy tas die hemele af met die soekligte van sy brein, en hy trek die hele aarde saam op die skerm van 'n televisietoestel. Dit het al 'n gemeenplaas geword om te sê ons lewe in 'n snel veranderde wêreld, maar daarteenoor kan dit nooit oorbeklemtoon word nie dat ons Christene vanuit ewigheidswaardes leef."

Waarom dan 'n byna slaafse navolging van mense wat anders is, wat dikwels vanuit ander waardes lewe? (Ek bedoel hier navolging van haarstyl, kleredrag, ens.)

Is jou erfenis dan nie vir jou mooi nie? Of is die sg. „generasie-gaping" so groot dat jou erfenis vir jou onverstaanbaar en vreemd word?

Soek dan 'n slag die fout by jouself!

Sommige universiteitskampusse is in ons siek wêreld byna die middelpunt van publieke aandag. Pukke, kom ons wys opnuut weer ons uniekheid, ons standvastigheid!

Die rubriek *Studentemening* handel oor aktuele sake in die student se lewe. Lyk hierdie studentemening vir jou nie aktueel nie? As jou reaksie is: „Wat 'n bekrompte student!" dan is hierdie artikel inderdaad aktueel!

Ten slotte: Wees ten volle student. Laat die vorming wat jy hier ondergaan, jou welgeval, want dit is kosbaar.

Ander is nie so bevoorreg soos ons nie, Pukke!

# Ons stel bekend

'n Interessante figuur het haar verskyning op ons kampus gemaak en dit is vir *Die Wapad* aangenaam om haar aan die studente voor te stel.

Mejuffrou Brenda Potgieter is verbonde aan ons Dramadepartement, waar sy bewegingsleer doseer. Haar besondere belangstelling is nie die klassieke ballet nie, maar wel die moderne dans, wat sy al op 'n vorige geleentheid haar „eerste gewete en laaste wet" genoem het.

Sy vertel dat sy op Krugersdorp gebore is en daarna het sy haar skool opleiding op Markward ontvang. Selfs hier het sy al die drang gevoel om te dans, en het baie saam met die swartetjies op die plaas gedans.

Nadat die Heidelbergse Konserwatorium gesluit is, het sy Liggaamsopvoeding studeer en het hierdie vak dan ook vir ses jaar aan 'n Johannesburgse Hoër skool gegee.

'n Opvoering in Johannesburg het haar danslus weer opnuut aan die brand gesteek en sy is Wene toe. Hier het sy onder die beroemde professor Rosalia Chla dek haar diploma in moderne dansopvoeding behaal. Onder protes van mej. Potgieter — sy wil nie spog nie — wil ek tog noem dat daar nog net vier persone is wat onder prof. Chladek klaargemaak het, en dat mej. Potgieter die enigste ter wêreld is wat onder haar die diploma in choreografie verwerf het.

Afgesien van die teorie van dans en musiek, het haar finale eksamen ook 'n solodans, 'n *pas de deux*, 'n choreografie vir



Mej. Brenda Potgieter.

'n klein en dan 'n groot groep behels. Die vuurdoop was egter die publieke opvoering waarvoor sy ook verantwoordelik was. Dit is noodsaaklik dat so 'n kandidaat ook by die publiek moet promoveer. Absolute kennis van die praktiese werk is noodsaaklik en daarom het mej. Potgieter gemiddeld agt ure per dag geoefen!

In Amerika wou sy die danse en die kultuur van die Indiane bestudeer, maar kry toe 'n aanbod om die Chladek-tegniek in die balletakademie in Stockholm in te voer. As gevolg van beginselsake het sy dit nie baie lank daar uitgehou nie en is terug Suid-Afrika toe, waar sy verlede jaar op KUESTA 'n kursus aangebied het.

Nou is mej. Potgieter terug in Suid-Afrika, verbonde aan die P.U. vir C.H.O. Ons kan maar net hoop dat die treklus haar nie te gou weer sal beetpak nie, veral as 'n mens in aanmerking neem dat prof. Chladek oor twee jaar gaan aftree en dat Brenda Potgieter as haar opvolger beskou word.

Vir haar is Wene die stad van die kunstenaar. Sy vertel dat selfs die straatveërs in die Operahuis opgemerk word. Almal praat kuns. Sy meen dat ons mense die kuns beskou as 'n objek weg van die samelewing en nie as iets lewends nie.

Vervolg op bl. 3

KOOP 'N LOOP

PANNEKOEK — VETKOEK

★

DIE WEGNEEM WINKEL MET ALLES NA U SMAAK!

★

NET WAT U NODIG HET VIR 'N TEE-POUSE WANNEER U MOEG GESWOT IS.

★

Olenlaan 3 — By Herald Drukkery — Telefoon 6243

POTCHEFSTROOM

# Uit die Woord

2 Kor. 5:17: *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

Nuwe skepsele. Nou al nuwe skepsele. Dit kan mos nie. Dit klink so onmoontlik. Maar dit is die mooie en die eenvoudige waarheid van die evangelie wat jou soos 'n voorhamerhou voor die kop tref. Ons hoef nie te wag om eendag met die voleinding nuut te word nie. Ons is nou al nuwe skepsele in Christus.

Die stad Korinthe was 'n florerende handelstad met 'n mengelmoes van mense daar bymekaar. Dit was 'n stad van internasionale verkeer. En daar tussen al die mense het die apostel Paulus die evangelie verkondig. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees het heelwat van die heidene die Christelike geloof aangenee en het daar selfs 'n gemeente tot stand gekom.

Na Paulus se vertrek uit die gemeente het die Jode hierdie jong gemeente verwar deur 'n valse vryheid te verkondig. Volgens die mense van Korinthe was alles veroorloof. Hulle het besonder klem gelê op die uiterlike sigbare dinge. Vir hulle het dit gegaan oor hoe hulle lyk en nie wat hulle beteken nie. Maar dit alles is die ou dinge in die lewe. Dit is 'n lewe buite Christus wat brand onder die toorn van God.

Paulus skryf aan die Korinthiërs dat hulle nuwe skepsele is vir wie die ou dinge iets van die verlede is. Hulle rykdom lê nie in 'n sigbare belegging nie, maar in 'n onsigbare belegging in Christus. As nuwe skepsele in Christus kan hulle daarop roem dat hulle nie meer vasgevang sit in die vangnet van die sonde nie,. maar dat hulle met God versoen is.

Die groot geheim om 'n nuwe skepsel te wees, is om Christus in die geloof aan te neem. Dan is jy 'n nuwe mens met 'n nuwe lewe wat waarlik met vaste hoop kan uitsien na die dag wanneer die nuwe Jerusalem uit die hemel sal neerdaal.

K. v.d. W.

# Lesers skryf

Geagte Redakteur,

Ek bemerk dat u nou 'n humor hoekie in *Die Wapad* het. Maar dis maar 'n bra bedroewende humor. Ek bedoel onder 'n vet swart opskrif Poësie, sou 'n mens 'n gedig verwag het. Dalk moet u die kolom herdoop. Iets soos *Kom Rym Katryn* of *Rymhoekie* sal dalk beter pas.

Die uwe,
EKKE.

# Redaksie

Hoofredakteur — Japie Robbertse, Over-de-Voor.

Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.

Sub-redaktrise — Madeleen Jordaan, Klawerhof.

Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.

Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.

Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Makouvlei.

Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.

Kuns — De Villiers Lessing, 4053.

Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.

Damesaangeleenthede — Ronel Schonfeldt, Karlien.

Sirkulasiebestuurder — Louis van Wyk.

# OP DIE WÊRELDFRONT

# BETEKEN S VAN D E 1972-SITTING VAN DIE V.V.O.

**NOG 'N JAAR EN NOG 'N BYEENKOMS VAN DIE V.V.O. LÊ AGTER DIE RUG EN VIR ONS IS DIT BELANGRIK OM TE WEET WAT ALLES OP DIE 1972-SITTING GEBEUR HET EN HOE DIT ONS LAND EN ONS WÊRELDDEEL RAAK.**

Indien die sitting vanuit ons oogpunt bekyk word, was dit redelik vrugteloos omdat die V.V.O. nie vir enige van die wêreld se groot vraagstukke 'n oplossing kon vind nie, maar hom eerder besig gehou het met aanvalle op die blanke regerings van Suidelike Afrika. So byvoorbeeld is die baie belangrike kwessie van geweld en terrorisme e dink maar aan die moord van die Israelse atlete by die Olimpiese Spele, deur die V.V.O. op die agtergrond geskuif omdat die Afrika-state bang was dit V.V.O. optrede ook terrorisme (vryheids vegters in die Afrikastate se oë) in Suidelike Afrika sou veroordeel.

### AFRIKA

Vir die Afrikagroep lê die waarde van die V.V.O. egter nie in die eerste plek in praktiese resultate nie maar in die ellelange besprekings en die groot aantal besluite waarin die blankes in Suidelike Afrika as kolonialiste, imperialiste en rassiste uitgeskel word. Hulle het dit dan ook op die afgelope sitting reggekry om die terroristebewegings as die wettige verteenwoordigers van Portugal se Afrikagebiede, Angola, Mosambiek en Portugees-Guineë, erken te kry. Dit het meegebring dat lede van die bewegings veragaderings van die V.V.O. se Dekolonialisasiekomitee as waarnemers mag bywoon. As protes het Suid-Afrika en Portugal nie verder aan die komitee se werksaamhede deelgeneem nie. Vir ons is die nuwe status wat die V.V.O. aan terroriste gegee het, 'n gevaarlike stap. Dit gee aan die Afrikastate moed om later vir terroriste-verteenwoordigers sitting op meer belangrike V.V.O liggame en selfs op die Algemene Vergadering te probeer kry. So-iets sou Suid-Afrika en Portugal feitlik dwing om uit die V.V.O. pad te gee.

Twee ander gevaarlike ontwikkelings moet ook genoem word. Op die afgelope sitting is in die Algemene Vergadering met 100 stemme teenoor 21 lande buite stemming, besluit om sanksies teen Suid-Afrika toe te pas. Aangesien die Veiligheidsraad egter die liggaam is wat finaal oor 'n voorstel besluit, moet Suid-Afrika en Portugal elke keer op een van die permanente Westerse Veiligheids raadslede, die V.S.A., Brittanje en Frankryk staat maak om sulke voorstelle te verongeluk. Dit is 'n ongesonde toestand want sou daar in die toekoms in die lande onvriendelike regerings aan bewind kom, bv. 'n Arbeidersbewind in Brittanje of 'n linkse koalisie in Frankryk, is ook hierdie veiligheidsklep daarmee heen. 'n Ander saak wat mens onrustig maak is die steun wat ons vyande uit onverwagte oorde, van ou vriende van Suid-Afrika gekry het. Hier word veral na die nuwe Arbeiderregering van Australië en Nieu-Seeland verwys, asook na die sprake dat 'n linkse groep partye die Franse verkiesing in Maart vanjaar mag wen. Verder moet verwag word dat die toelating van Oos- en Wes-Duitsland in 1973 tot die V.V.O. aan Suid-Afrika nog twee kritici gaan besorg.

### SUID-AFRIKA

Die 1972-sitting het egter ook vir Suid-Afrika 'n oorwinning gebring. Die Sekretaris-Generaal, dr. Waltheim se opdrag om met Suid-Afrika oor die toekoms van Suidwes-Afrika te gesels is naamlik tot einde April 1973 verleng. Dit is veral aan Westerse invloed en by name die V.S.A., Brittanje en Frankryk te danke. Die Afro-Asiate en die Kommuniste sou veel eerder op 'n botsing oor die saak met Suid-Afrika wou afstuur. Indien Suid Afrika en dr. Waldheim tot April goeie vordering in hul samesprekings kan maak sal dit baie help om ons vyande se planne nog verder te verongeluk.

### BETEKENIS

Ten spyte van hierdie oorwinning vir Suid-Afrika en die Weste is daar baie waaroor die Afrikastate tevrede kan voel. Vir ons lyk die afgelope V.V.O.-sitting na 'n sinnelose gepraat maar die Afrikastate beskou dit as vordering in hul stryd teen Blanke oorheersing in Suidelike Afrika. Dit beklemtoon opnuut die mate waarin die V.V.O. van sy oorspronklike doelstelling naamlik die bevordering van internasionale vrede en die oplossing van geskille wegbeweeg het en in 'n blote instrument in die hande van die Afro-Asiate vir die uitvoering van hul oogmerke ontaard het.

# Florna was weer golwe toe



**FLORNA het homself met die afgelope vakansie oortref (as so iets nog moontlik is) en die grootste gees ooit gehad Ten spyte van 'n gebreekte bus, wat die vertrek met 5 ure vertraag het, swak weer en griep, het almal saamgewerk om die gees die hoogtes in te laat skiet, en die groep se gunstelingliedjie „'n Positiewe houding maak alle laste lig" was die motto van die toer.**

**Florna — al singend en heupeswaaiend** (*Foto: Foto,kuns*).

Almal is dit eens dat dat 'n absoluut onvergeetlike toer was en was dit met baie swaar harte wat hulle van mekaar afskeid geneem het.

Langs die pad het hulle die slapende dorpies wakkergemaak met sokker in die strate en in die bus self was daar 'n groepie wat glad nie geglo het aan slaap nie. Hulle het die mense dwarsdeur die nag wakker gehou met hulle (nie altyd welkome) sang.

Was dit nie 'n onsteltenis toe 'n paar asters ingeseep en wel onder die stort staan en daar geen water uit die )krane wou kom nie. Dawie het hulle egter laat weet dat hulle moet ophou teem en nie verbitterd raak nie.

Soggens om 4-uur was daar gereeld groepies wat die rotse uitgeklim het om na die sonsopkoms te gaan kyk, en hulle het dan die res van die dag nogtans 'n ongelooflike hoeveelheid energie aan die dag gelê en geswem, gestap, sagtebal gespeel en berg geklim.

Cecile wou almal net daarop wys dat sy in die meervoud aangespreek wil word en het met groot gebaar 'n stomp stukkend gesit. Die aand is die stomp plegtig as monument onthul — ter ewige nagedagtenis aan Cecile. Terloops, het julle opgemerk dat sy deesdae net een skaduwee gooi?

Vir die wat soggens later as 6 uur wou slaap, was die uitsendings van Radio Bus, wat luidkeels van die bus se dak uitgesaai is, 'n bron van ergenis — en tog, ook 'n gelag so deur die vaak oor al die snaakse aanmerkings.

Die toerpa het geskiedenis gemaak met sy liedjies van die hoender se binnegoete, en Dawie het Virginia Lee oortref met sy weergawe van „Tienduisend myl" En om nie te praat van sy „Pink Panther Walk" nie.

# TRUK teen Studentepryse

Daar word nou vir die eerste keer aan PUKKE die geleentheid gebied om kaartjies vir TRUK aanbiedinge teen verminderde pryse te verkry! Hoeveel van u het nie al 'n Saterdagaand iewers maar na 'n skop-skiet-en-boomklim-fliek gaan kyk nie om die eenvoudige rede dat hulle u nie wou toelaat om twee op een stoel te sit nie, aangesien u slegs genoeg geld vir een kaartjie gehad het?

Hierdie unieke geleentheid word nou vir u geskep deur die A.B.K.K. in samewerking met die organiseerder van aanbiedings deur TRUK in Potchefstroom, prof. Ryke.

TRUK bied hierdie jaar 'n besondere interessante reeks uitvoerings in Potchefstroom aan. Kyk net waarna u alles gaan kyk teen spesiaal verminderde PUK-pryse:

25 April — Engelse toneel: Charlie's Aunt.

2 Mei: King's singers.

13 en 14 Junie: Afrikaanse toneel (Toiings).

29 Augustus — Afrikaanse toneel (Trefferkomedie).
12 September: Weense Seunskoor.

11 Oktober — Opera (Huwelik van Figaro).

24 Oktober — Ballet.

# K.V.V. LÊ KRANSE

Sondagoggend, 4 Maart was 'n paar Korps-Hoofbestuurslede al vroeg uit die vere vir die jaarlikse kranslegging by Totius se graf.

Mnr. Etienne Schalekamp, die Korps-voorsitter het 'n stuk uit die Bybel gelees en 'n gebed gedoen by die graf van Totius.

Vanjaar het Korps ook terselfdertyd 'n krans op die graf van (wyle) prof. Sarel du Plessis gelê. Prof. du Plessis was in 1943 voorsitter van Korps en is verlede jaar skielik oorlede. Mnr. Paul Kruger het voorgegaan by laasgenoe de se kranslegging.


CITROËN GS




ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM

# SO IS AGT INGEPERK

## *Die Kommissie se Verslag*

**OP 14 JULIE 1972 is 'n Staatspresidentkommissie van 10 lede (6 Nasionale Party, 4 Verenigde Party) aangewys om ondersoek in te stel na sekere organisasies. Die komitee se opdrag was om verslag te doen oor (a) die doelstellings, organisasie en finansiering, (b) die bedrywighede en gevolge van sodanige bedrywighede (c) die bedrywighede van persone in en buite die volgende organisasies: Nasionale Unie vir Suid-Afrikaanse Studente (Nusas), Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse Verhoudings (S.A.I.R.V.), University Christian Movement (U.C.M.), Christelike Instituut van Suid-Afrika (C.I.) en enige verwante organisasies.**



**R.A.U. studente verbrand Witsbaniere.**

### OMVANG EN WERKSAAMHEDE

Onder voorsitterskap van mnr. Alwayn Schlebusch is daar 37 dae sitting gehou waartydens getuienis van 58 persone (waarvan die oorgrote meerderheid regsverteenwoordiging gehad het) aangehoor is — die transkripsie van die getuienis beslaan 3 388 bladsye.

Ook is die dokumente aan die kommissie voorgelê wat by benadering 13 000 bladsye beslaan.

### DRINGENDHEID

Daar het egter in die loop van die ondersoek feite en oorwegings tot die kommissie se aandag gekom wat hom laat besluit het om vooraf twee tussentydse verslae met aanbevelings voor te lê.

In die eerste verslag word vermeld dat die kommissie prima facie getuienis het oor organisasies wat in Suid-Afrika gestig word, aktief is en dan verdwyn om weer deur ander organisasies, wat op die oog af niks met die vorige te make het nie, opgevolg te word. Dit is opmerklik dat sekere leierspersone in opvolgende organisasies dieselfde is.

Deur die werksaamhede van hierdie kommissie het informasie aan die lig gekom wat andersins nie die geval sou wees nie.

Nusas is 'n studente organisasie waarvan die leiers intensief op die politieke vlak bedrywig is, geeneen van die bestaande politieke partye steun nie en hulle be-ywer vir die drastiese vervanging van die bestaande orde. Nusas se politieke beleidsrigtings word bepaal deur 'n klein groepie aktiviste binne Nusas. Minder as 5 persent van die studente aan die Engelstalige Universiteite is aktief by Nusas se bedrywighede betrokke.

### STATUTÊRE LIGGAAM

Die kommissie beveel aan dat 'n permanente liggaam daargestel word om die ondersoek na ander organisasies wat nou reeds bestaan en van tyd tot tyd na vore mag kom voort te sit. Die liggaam moet beskou word as aan die een kant 'n inligtingsorgaan vir die Parlement en aan die anderkant as 'n skakel op binnelandse veiligheidsgebied tussen die parlement en die Uitvoerende gesag.

Die liggaam kan daartoe bydra dat die verantwoordelikheid vir die beveiliging van die bestaande orde breër versprei en tot 'n mate uit die politieke arena gelig word.

### FINANSIES

In die bevordering van sy bedrywighede soek NUSAS steun by en kry hy steun van buitelandse persone, politici, organisasies, politieke partye en regerings. Die steun neem die vorm aan van ondersteuning in sy politieke bedrywighede en die verskaffing van fondse.

In sy veldtog om fondse en steun in die buiteland te bekom, is dit vir NUSAS nodig om homself as aanvaarbaar vir moontlike donateurs voor te stel en om die toestande in Suid-Afrika so swart as moontlik te skilder ten einde die noodsaaklikheid van sy eie bedrywighede en die finansiëring daarvan, oor te dra. Die gevolge hiervan is tweeledig. In die eerste plek stel NUSAS homself bekend as 'n kampvegter vir onderdruktes, en oordryf hy sy eie bedrywighede en die bedreiging wat dan op hom gerig sou wees deur die "establishment" in Suid-Afrika.

Tweedens voer hy 'n propagandaveldtog teen Suid-Afrika in die buiteland en dra in die veldtog 'n eensydige beeld oor om, volgens sy ampsdraers se getuienis, die, volgens hulle, eensydige beeld wat aan die ander kant deur die Suid-Afrikaanse Departement van Inligting versprei word, teë te werk. Hierdie propagandaveldtog deur NUSAS word op 'n breë vlak gevoer en die materiaal wat NUSAS versprei, word dan weer deur ander instansies verder versprei. Met hierdie veldtog wat oor baie jare strek het NUSAS heelwaarskynlik 'n groot bydrae gelewer tot die vyandiggesindheid wat vandag teenoor Suid-Afrika in die buiteland bestaan.

Volgens NUSAS-ampsdraers se getuienis word NUSAS verplig om hom tot die buiteland te wend deur die feit dat hy nie finansiële steun in Suid-Afrika kan kry nie. Waar hy dan vir sy voortbestaan van die buiteland afhanklik is, is dit te verstane dat hy binne Suid-Afrika moet optree op 'n wyse wat sy buitelandse donateurs sal bevredig.

NUSAS moet in die verband meeding met ander organisasies binne en buite Suid-Afrika, insluitende militante bevrydingsbewegings en terroriste-organisasies, want NUSAS se donateurs streef dieselfde doel na met die geld wat hulle met die een hand aan daardie organisasies en met die ander hand aan NUSAS gee, naamlik 'n vervanging van geheel die bestaande orde in Suid-Afrika.

Moontlik gedeeltelik weens sy afhanklikheid van buitelandse fondse en gedeeltelik onder die invloed van sekere persone, streef NUSAS sekere staatsgevaarlike politieke rigtings binne Suid-Afrika na, soos onder andere gemeld.

### KOMMUNES.

Gedurende 1972 het die grootste gedeelte van die groepie aktiviste in twee huise in Kaapstad gewoon, wat in die getuienis as kommunes beskryf is. 'n Stustent stel dit so: "... tight control by a small clique sitting in 301, Walray Street, Cape Town.

### AKADEMIES.


Dit blyk verder uit die verslag dat die meeste lede van die leiers kliek nie veel welslae op die akademiese gebied behaal het nie. Nevil Curtis, President van Nusas in die jare 1970/71, was in 1965 reeds universiteitstudent; in 1972 tydens getuienisaflegging was hy egter nog slegs in besit van 'n B.A. graad.

### WETSOORTREDING.

By die kongres is daar egter 'n resolusie aanvaar wat daarop neerkom dat, indien dit nodig sou word, daar tot wetsoortreding oorgegaan sou word.

Luidens die verslag het Paul Pretorius die aanvoorwerk vir

**Vervolg op bladsy 7**




**Net na die afkondiging dat Paul Pretorius, voorsitter van Nusas, en sewe ander lede deur die Regering ingeperk is, het die boodskap op 'n muur op Wits se kampus verskyn** *(Foto: Transvaler).*





**FOTO REGS: Verskeie maniere van betoog deur Wits** ***(Foto: Die Vaderland).***

**Berigte op hierdie bladsye is saamgestel deur: Fika van Rensburg, Leo van Schaik, Pieter Mulder, Ettiene Schalekamp, Marius Schalekamp Quintus Pelser, Kobus van der Walt, Japie Robbertse en Chris Hattingh**

# Afrikaners al 40 Jaar los van Nusas




So het talle Witstudente Woensdagmiddag in Johannesburg betoog teen die inperking van agt Nusas-leiers. Die studente het langs Jan Smuts rylaan gestaan en gesit waar druk verkeer voortdurend verbybeweeg. (*Foto: Transvaler*).

**KINDERSKOENJARE**

**MET DIE STIGTING van die "National Union of South Aftican Students" (N.U.S.A.S.) in 1924, het die meeste Afrikaanse Universiteite, waaronder ook die P.U. vir C.H.O. hulle tuis gevoel in die geledere van Nusas. Verteenwoordigers is jaarliks gestuur na die Studenteparlement wat deur Nusas gereël is. In 1933 het die Afrikaanse Universiteite besluit om alle bande met Nusas te verbreek, omdat die Afrikanerstudent hom nie kon versoen met standpunte van hierdie organisasie nie. 'n Eie organisasie is gestig waarin Afrikaanse studente saamgesnoer is nl. die Afrikaanse Nasionale Studentebond (A.N.S.)**

**DOELSTELLINGS**

Nusas aanvaar die "Universal Declaration of Human Rights" en streef gevolglik na 'n algehele gelykskakeling van alle ras-, kultuur- en volksverskille binne die Suid-Afrikaanse studentegeledere. Hieruit is dit dus duidelik dat Nusas die beleid van veelvolkige ontwikkeling beveg al sou dit 'n stryd wees met akademiese en menslike vryheid. Nusas beywer hom met alle krag vir die totstandkoming van 'n "multi-racial" gemeenskap in Suid-Afrika. Met 'n maniesvalse oorbeklemtoning van akademiese vryheid, poog Nusas om die regering te verplig om swart en blanke studente op een kampus toe te laat. Vir Nusas is 'n universiteit slegs 'n plek waar onderrig gegee word en gestudeer word en waar alkeen die voorreg moet hê om daarvan gebruik te maak.

**TEN OPSIGTE VAN KOMMUNISME**

Nusas handhaaf geen beleid teen kommunisme soos blyk uit geheime omsendbrief wat 1964 aan voorsitters van Nusas Studenteraad gesirkuleer is en soos blyk uit wat Johnny Driver (Pres. Nusas 1964) gesê het: "Dit is volgens my wettig om te sê dat Nusas nie-kommunisties is, maar nie wettig om dit antikommunisties te noem nie."

**DIE KINDERSKOENE BEGIN DRUK**

Dit is die tydperk van ongeveer die vroeg sestiger jare tot middel 1969. Vooraanstaande Nusas-leiers het deel gehad aan die stigting van die African Resistance Movement. Die A.R.M. was verantwoordelik vir talle sabotasiedade waar menselewens in gevaar gestel is. John Harris wat verantwoordelik was vir die stasiebomontploffing was 'n lid van hierdie organisasie.

In 1963 het die destydse Minister van Justisie, adv. B. J. Vorster, die volgende aan Nusas gesê: "Terwyl Nusas opereer agter die masker van diens aan studentegemeenskappe, is dit in werklikheid besig om die hele basis van ons manier van lewe te ondergrawe." Hy het ook na Nusas verwys as "onpatrioties, links-georiënteerd en besmet met kommunisme."

**'N NUWE SKOEN**

In 1968 maak John Daniel in 'n vertroulike toespraak te Cedara die volgende stelling: "Nusas must become more aggressive, positive and militant on the campusses." In Julie 1969 kondig die president van Nusas drastiese hervormings vir sy organisasie aan. Dat die hervormings geslaagd was, kan niemand betwyfel nie, want ons het te doen met 'n Nusas in 'n nuwe baadjie.

Nusas funksioneer absoluut professioneel, is nog steeds militant, meer onpatrioties en vasberade om die bestaande orde in Suid-Afrika om te keer.

Sowat 80 persent van alle studenteleiers op blanke en nieblanke kampusse word betrek by Nusas se strategie. Afgevaardigdes na die seminare word reeds tydens die registrasie van eerstejaarstudente uitgesoek. Uit die streekseminare word die belowendste studente gekies, wat weer nasionale seminare bywoon. Die doel van die seminare is om studente toe te rus ten einde 'n relevante en effektiewe leierskapsrol te speel in die teweegbring van verandering in die universiteite en samelewing van Suid-Afrika.

Nusas het ook gebruik gemaak van sensitiwiteitsopleiding. Dit is 'n tegniek wat deur kenners as breinspoeling beskryf word.

Dit poog om mense te verander en van hulle veranderingsagente te maak wat weer op hulle beurt ander mense en organisasies kan laat verander. Die opleiding van Nusas-leiers is so doeltreffend dat alhoewel hulle maar 'n handjievol is, hulle al die kampusse kan oorheers en aan Nusas geaffilieerd hou. Want, Nusas is nie verteenwoordigend van die algemene klimaat op die Engelstalige kampusse nie. Daar bestaan 'n groot groep behoudende Engelstalige studente wat hulle nie tuisvoel in Nusas nie.

Die nuwe Nusas is nie in die eersteplek opponent van die Regering van hierdie land nie.

Vervolg opbladsy 11




# Kommissieverslag

Vervolg van bladsy 6.

die wetsverbrekingsbesluit gedoen. 'n Aanhaling uit 'n *Newsletter* lui soos volg: "He warned that the time was approaching when one's conscience would have to take precedence over the law. For there are times in the history of every person, when the fundamental dictates of conscience must take preference over the corrupt edicts of those that rule edicts which are cleverly concealed beneath the guise of law."

Tweedens het die kommissie gevind dat die betrokke leiersgroep lank reeds op 'n wyse optree wat as die skepping van 'n klimaat vir rewolusie beskryf kan word.

**POLARISASIE.**

Die kommissie het een van die doelstellings van NUSAS soos volg beskryf: "Dit gaan hier om veel meer as teenkantings teen die beleid van 'n regerende party. Daar is selfs betrokke die kunsmatige indeling van geheel die bevolking in swart en wit polariteite en die aanblaas van konfontrasie tussen die twee polariteite".

Dit blyk duidelik uit 'n berig van 'n NUSAS *Newsletter* van 9 Maart 1971: "I believe" said Mr. Curtis, "That students must align themselves against the White polarity, and with the Black polarity — and seek to orientate their activity towards those things which assist the latter and hinder the former."

Die kommissie sluit die verslag met die volgende gedagte: 'n Nasionale studente-organisasie wat uit, deur en vir studente funksioneer, is sekerlik gewens.

**STUDENTERAAD-STANDPUNT.**

Die Studenteraad vind dit interessant dat die kommissie sekere sake aan die lig gebring het waaroor al lank onder die Afrikaanse student gespekuleer is. Op hierdie stadium is die Studenteraad dit eens dat die inperking van die genoemde persone 'n noodsaaklikheid was.

Verder is dit vir die Studenteraad verontrustend dat NUSAS wat daarop roem dat hy alle Suid-Afrikaanse studente verteenwoordig in die polarisasie tussen die witman en die swartman hulle skaar aan die kant van die swartman.

Die Studenteraad is dit eens dat 'n rasionale studente-organisasie uit, vir en tot die student, soos die S.A.B. uiters wenslik is. Die vertroue word ook uitgespreek dat NUSAS afhangende van wat vorentoe mag gebeur sodanige metamaforse sal ondergaan dat dit 'n studente-organisasie in die ware sin van die woord sal wees.

**FOTO REGS: R A U studente sing die brandende Witsplakatek toe**

# P.U. OPEN KANTOOR IN VAALDRIEHOEK

**„EK HET SELF by sy oorspronge grootgeword en weet dat ons hier verkeer onder die groot besef van wat hierdie rivier vir u en Suid-Afrika beteken," was die woorde van Prof. S. P. van der Walt, hoof van die P.U.-kantoor in die Vaaldriehoek. Prof. S. P. van der Walt het bogenoemde uitgespreek tydens die amptelike opening van die akademiese jaar in die Vaal-Driehoek op Vrydag, 16 Februarie 1973**

Hy het vervolg:

„U moet my vergun om die Universiteit met hierdie rivier wat u dorpe omspoel te vergelyk.

Vaalrivier het geen oorspronge in berge nie. Dit begin met die fonteine wat hom voed met lopende en opborrellende water nie. Dit begin maar sommer met 'n sloot wat al groter, hoër en dieper word. Dis eintlik later wat hy met sy oop arms boontoe kyk en wag op reën uit die wolke. Hy moet leef van ontvange gawes. Hy wag elke jaar op somerreëns — bring dan die seënstrome bymekaar tussen sy walle en dit word voller en voller.

**Dankbaar:** dat God nog ons land seën — dankbaar om te ontvang. Dankbaar om byeen te bring en strome van seën in ons omgewing te bring. Vaalrivier stem my altyd tot diepe bepeinsing as hy my skaam maak, skaam omdat ek nie altyd opkyk nie, nie altyd blymoedige ontvanger is nie. Hier waar sy water altyd vloop lyk, breë plasse — dink 'n mens dikwels nie daaraan nie.

En dan sê Vaalrivier: moenie die waters laat verbygaan nie, onbenut laat voortstroom na die see nie. Dit verarm dit ons land en verryk ons nie. Dis 'n uitnodiging om hom in te span, hom te gebruik, sy vermoëns ten volle te benut. En nou het ons hierdie groot rivier ingespan. Eers Vaaldam — lewensaar van die Transvaal en Oranje Vrystaat. En dan sien u baie laagwater-betonwalle om alles te benut. Laer af volg u sy stroom na die Barrage — na Bloemhofdam — na Vaalharts-nedersetting — verby Kimberley tot by Douglas. Dankbare rivier — dankbaar om ingespan te word.

My optrede hier is om ons mense in hierdie sentrum van ons groot Industrie te herinner aan twee dinge:

1. Die gelowige opsien na bo.
2. Die dure roeping om ten volle gebruik te maak van geleenthede.

Ons Universiteit wil 'n Universiteit wees wat die krag van die geloof in God wil bely. Ons leef van ontvange goed, goed wat God gee. Alle wetenskappe ontvang van God en ons oet dit al al saam bely.

Ons Universiteit — u Universiteit, is 'n stroom van seën. Moenie dat dit maar verbystroom nie. Span dit in. Anders verarm u uself — anders is u nie die werker wat u kon wees nie. Wees **dankbaar** vir die seën en help u daarmee.

**WAT DOEN DIE VAALRIVIER AS DIENENDE RIVIER?**

'n Mens hoef u seker nie daaraan te hetinner dat dit sy water is wat groot stede verlig — anders sou alles donker wees. Dit kom in ons huise en voed ons. Dit kom telkens en ons was ons. Dit reinig ons — en anders sou besoedeling ons inhaal. Het u al gedink wat in 'n groot stad soos Johannesburg sal gebeur as daar net een dag lank nie water in sy krane, in die krane van elkeen van die duisende huise is nie?

So laat Vaalrivier die wiele rol van ons industrieë.

Ons weet ook van al die vreugde wat hy verskaf — van hengel en motorbote en ski-planke.

Dienende rivier — dit laat ons werk — en laat ons ontspan.

U weet wat ek wil sê.

Die Universiteit kom vandag in elke huis en elkeen van sy kinders het reg daarop om toegerus te word, te ontvang uit die skatte van kennis. Die Universiteit moet met sy wetenskap daardie lig kom aansteek in ons binneste wat werklus en vreugde aan ons bied. 'n Mens kan so gefrustreerd raak as jy voor 'n probleem te staan kom en dit verg inspanning en tyd. Jy kon dit in minder as die helfte van die tyd doen en sonder veel inspanning.

En nou weet elkeen dit: die dag kom — gouer as wat ons dink — dat ons nie maar net 'n gewillige werker moet wees nie, maar by die gewilligheid moet kom bekwaamheid, toebereidheid, geskooldheid. Hoe tragies sou dit wees as jy 'n begaafde seun of dogter het, oorvol dienswilligheid maar met beperkte vermoëns.



Prof S P van der Walt (*Foto: Fotokuns*).

Die Universiteit kom na die Vaal-Driehoek om te kom dien — om lig te kom ontsteek — om te skool.

En nou wil ek aan u vra: ons kom binnekort hierheen. Maak gebruik van ons. Skakel ons en laat daar wederkerigheid wees. Ek weet maar al te goed dat u van my gaan eis om my in te wikkel in al u probleme. Ek gaan dit doen. Ek gaan die Vaal-Driehoek in my inkorporeer. Maar dan moet u asseblief ook my Universiteit wat ek hier kom verteenwoordig, in u lewe inkorporeer.

Ons maak maar soos Vaalrevier: ons vloei maar aan, elke dag. Ons weet ons kan dien en wil dit doen.

Ons nederige vraag by Industrialiste, by Ouers en by jongmanne en -vroue is: maak gebruik van ons."

**HENGELRUBRIEK:**

## Stywe Lyne

Op 26 Februarie het die Hengelklub sy eerste vergadering gehou waarop die nuwe bestuur vir 1973 verkies is. Hulle is: Voorsitter: Etienne Fourie; Sekretaris: Nico Fourie; Penningmeester: Struis Strydom; Add. lede: John Thomas en Kallie Verwey.

Aan alle hengelaars en aspirant hengelaars op die Puk: Kom skryf in as lid van die klub en kom in aanmerking vir kompetisies en 'n heerlike jaar van visvang. Hou die kennisgewingbord dop vir alle aksies wat beplan word deur die klub vir die jaar.

Van die hengelfront verneem ons dat die kurpers mooi byt in die Hartebeespoortdam. Die Setlaarsdam hier by Klipdrift se karp is ook woelig en mooi vangste is die afgelope tyd daar gemaak. En dan wag die ou grotes in die Vaalrivier net vir die regte spyskaart om die katrolle te laat sing. Die Vaaldam se moddervis en karp byt ook goed.

**AASWENKE.**

**Geelvisaas:** Klein krappies, vissies; rivierkrewels; krieke; erd wurms (in stroom); platannas; bruinbrood; vla-pap (3 m/meel) 2 meelblom, 5 dele water en 'n halwe deel vla).

Stywe lyne!

HENGELAAR.







BY VOORKEUR

*Gebak deur*

Turkstra

**Die keurigste gebak in Potchefstroom**

**Ons lewer aan die Universiteit**





POTCH. HEALTH STUDIO

★ MANS-
★ DAMES-
★ SUANA-
★ LIGGAAMSBOU
★ FIKS

UITSIG ARKADE,
DIE BULT,
TOMSTRAAT

TELEFOON 6846


## Interkoshuis Kompetisies

**DIE SENTRALE KARNAVALKOMITEE het besluit om alle reklamesette en geld insamelingsveldtogte op 'n interkoshuis basis te doen Hiermee word be-oog om alle studente aktief te betrek by alle Karnaval aksies**

Die kompetisies berus op 'n puntebasis pro rata uitgewerk volgens die aantal inwoners in elke koshuis. Die koshuis wat die meeste punte insamel en gevolglik wen kry 'n prys van R100 wat hulle kan gebruik na eie goeddunke.

Philip Helmand (Heimat) en Elizabeth Muller (Klawerhof) tree op as kompetisie konvenors namens die Karnavalkomitee en vir enige onduidelikheid of inligting kan u met hulle skakel.

Die puntestelsel werk soos volg: Vir 'n maksimum van R50 — 2 punte. Vir 'n minimum van R100 — 3 punte; Vir elke addisionele R50 — 1 punt.

Wenner — 5 punte; tweede — 3 punte; derde — 1 punt.

**Kompetisies deur die Karbavalkomitee:**

Maandag tot Woensdag: 7 tot 9 Mei 1973.

Wenner 5; tweede 3; derde 1.

**Algemene kompetisie::**

Vir die organisering van 'n kompetisie op interkoshuisvlak: 10 punte; wenner van so 'n kompetisie: eerste 5 punte; tweede 3 punte; derde 1 punt. Inskrywing van 'n span: 5 punte. 'n Kompetisie wat 'n plaaslike nuusblad bereik: 5 bonus punte; 'n Kompetisie wat 'n nasionale nuusblad bereik: 10 bonus punte.

Die betrokke Karnavalkomiteelede sal Donderdae tussen 1.30 en 2.00 nm. by die Studenteraads kantoor wees indien hulle benodig word.

Hierdie puntestelsel is nie finaal nie en is onderhewig aan veranderings indien nodig om praktiese redes.

### So Maklik Is Dit Nie

**IN die tyd en dae toe hulle nog met klerasie in ons land gesmous het, kom 'n Hollander by 'n plaasboer en vra iemand om saam met hom te gaan na die volgende plaas om vir hom die pad te wys. Hulle gee hom toe 'n ou Bantoe om saam te gaan. Hulle kom by 'n vol rivier en die Hollander vra: „Waar heeft deze rivier zyne oorsprong?"**

**Die ou Bantoe kyk verbaas op en sê: „Aikôna, my oubaas, hy's nie vir oorspreng nie, hy's vir deurswem!"**

### Hoe dan Tog?

„MAAR, Gert, hoe kry jy dit reg? As één paar sokkies dertig sent kos, hoe kan vier paar dan tog een rand kos?"

„Op 'n uitverkoping, meneer."



*„Onthou Pa dan nie? Pa het gister nog gesê Pa het sommer lus en slaan die ou radio met die voorhamer inmekaar!"*

# TWEE MODE-DOEDIES

**HIERDIE JAAR is vol splinternuwe grille — modegrille natuurlik! Donsige truitjies en dolmanmoue, strepe en ruite en plooirompies steek skitterliggies in ons vrouevolkies se oë aan. Voeg daarby nog bonte vrugtetrossies, 'n lap skoenlapper, vrolike fyn blommetjies, 'n string pêrels of twee, en jou hart is behoorlik gesteel.**

Om van skoene nie eers te praat nie. Retha vertoon hier van die soort wat jou asem wegslaan platvormskoene! Die heldergroen hak en platvormpie, breë geel en wit strepe bo-oor die tone, dwing mens om twee maal te kyk. Haar groen bostukkie, met parmantige klokmoutjies is oorkruis geknoop en die romp geel, geplooi met fyn mesplooitjies en pragtig. Vanjaar gaan die asters ook meer klem lê op die smal seintuur — Retha s'n is geel. "Voeg daarby nog vrolike geel blommetjies" 'n geel bêngel (want dis regtig nie 'n formele armband nie), 'n wit sakkie en Retha se middaguitrusting is voltooi.



Sou mens kan sê die skoene pas perfek by romp en bloese of liewer, romp en bloese pas perfek by die skoene!


Ina se uitrusting is meer gesofistikeerd en baie vroulik. Die swart en blou-rooi-bont halternekrokkie is so modieus as wat kan kom. Hierby dra sy swart suede skoentjies met bandjies wat ewe kuis agter om die enkel kruis.

Sonder baadjie gaan Ina fliek; met die baadjie is sy in 'n netjiese pakkie gekleed, op pad kerk toe. Dis weereens swart, die altyd elegante kleur en binne in, blou-rooi-bont uitgevoer. Vier knopies om mee vas te maak rond ons prentjie af en geen dominee sal ooit droom dat haar rug kaal is nie!



Vanjaar draai ons die manne se koppe dronk met al die nuwe kleure en klere wat slegs maar die vrouehart kan voorskryf!

# SKERM OF VAL?



**As jy spring moet jy val, as jy val het jy 'n skerm nodig, dus: sluit aan by die P.U. valskermklub. Die bekende dame op die Puk het die stoute stewels aangetrek, 'n valskerm vasgegespe en 'n perfekte landing in die Totiussaal gedoen. Kan u raai wie die brawe dame is? Niemand anders as ons eie tannie Piet Fotokuns nie!**

*(Foto: Fotokuns).*

# Maureen Quin stal uit

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging hou vanaf die 19de Maart 'n uitstalling van Maureen Quin se beeldhouwerke in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou.

### OPLEIDING.

Maureen Quin het matrikuleer te Eunice Meisiesskool, Bloemfontein. Daarna het sy 'n diploma in beeldhou gevolg, dit met onderskeiding verwerf en na verwerwing van die Emma Smithbeurs verder oorsee studeer. Sy het o.a. aan die Goldsmith College of Arts studeer waar sy ook 'n spesiale toekenning vir goeie vordering ontvang het.

### MEJ. QUIN.

Die kunstenares voel dat die vernaamste verandering die afgelope twee jaar, in haar opvatting teenoor haar werk te vinde is: sy het nl. 'n groeiende vertroue in die uitbouing van haar eie idees gekry, ongeag die opinie van die kritici en publiek. Volgens haar weerspiël haar werk die predikament van die mens in menslike vorms; die menslike sielewroeging kom telkens uit waar sy dit nie in die minste bedoel het nie.

### PROF. BALLOT.

Prof. Ballot van die departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste van die Universiteit, sê dat die beeldhoudster se onlangse werk getuig van wat 'n mens kan noem, "'n Pad wat na binne gevolg kan word." Volgens hom is die vormlike en inhoudelike aspekte van mej. Quin in besondere balans met mekaar.

### SKILDERYE.

Op die oomblik is daar 'n uitstalling van Kmdt. Bornman in dieselfde lokaal wat nog tot Vrydag die 16de Maart sal duur. Kmdt. Bornman skilder veral Noord-Transvaalse landskappe en werk meestal in die waterverf medium.

Besoekure vir beide hierdie uitstallings is weeksdae gedurende gewone kantoorure en saans van 7 nm. tot 9 nm.

# HERA

Ons is almal bekend met die gesegde dat die pad na 'n man se hart is deur sy maag ! . . en in die geval van studentemans is dit beslis die geval. Ons het toe 'n bietjie rondgekrap en op die volgende kits-resep afgekom. Dit heet dan ook:

### SARDIENTJIEVULSEL OP ROOSTERBROOD.

Meng een blikkie sardientjies met een middelmatige gerasperde ui. Voeg dan kaas na smaak by. Neem dan mayonaise en voeg by totdat dit maklik smeerbaar is. Smeer die mengsel op die geroosterde brood.

'n Ander variasie is dat die mengsel op gewone brood gesmeer word wat dan in geklitste eier gedoop word en in olie gebak word. Dit is 'n heerlike dis vir ontbyt of vir aandete!

# Alabama Benodig Lede

Die Alabama-Studentegeselskap benodig orkeslede! Kitaarspelers, trompetspelers en frombonspelers is veral nodig. Belangstellendes moet mnr' H-P Butow kontak by die S.R.-kantoor tussen 1.30 nm. en 2,00 nm. daagliks.


A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc. Far.)

Oktrongebou - Lombardstraat

SKAKEL ONS VIR VINNIGE AFLEWERING


# ASTER

## *Women's Liberation*

Wat is die sogenaamde *Women's Lib*? Dit is 'n beweging wat in die middel sestigs in die V.S.A. en in Brittanje na aanleiding van betogings teen die Viëtnamese oorlog ontstaan het. In die jare 1967 en 1968 het die beweging ook in Frankryk begin posvat. Hierdie beweging het gelei tot 'n analise van die vrou se posisie in die gemeenskap en daar is vasgestel op watter gebiede daar teen haar gediskrimineer word.

Binne hierdie beweging bestaan daar hoofsaaklik twee groepe, nl. die radikale Feministe en die Liberaliste. Die radikale Feministe is van mening dat die vrou op alle gebiede van die samelewing onderdruk word (hulle beskou die oppergesag van die man as 'n inherente eienskap; dit is in sy aard om die vrou te domineer). Die Liberaliste plaas die klem meer op ekonomiese onderdrukking as op psigologiese onderdrukking. Op baie gebiede vind daar onderdrukking plaas, maar die onderdrukking van die vrou is die belangrikste.

Die radikale Feministe wil geen mans in hulle geledere hê nie en is van mening dat die beweging slegs vir vroue bedoel is. Die Liberaliste glo egter dat, aangesien mans ook onderdruk word, hulle ook moet help om die onderdrukking die hoof te bied.

Daar is 'n hele aantal probleme wat gepaard gaan met so 'n beweging. So bestaan die gevaar dat slegs die feminis se probleem binne die gemeenskap geanaliseer kan word. Daar word dus agterweë gelaat om hierdie probleme in verband te bring met die hele sosiale struktuur wat inderdaad al die lede benadeel. Die radikale Feministe beweer dat die onderdrukking van die vrou biologies en sosiaal van aard is.

'n Ander probleem waaraan bewegings soos hierdie moet aandag gee, is die aard van interpersoonlike verhoudings. Hoekom word sulke verhoudings gebou op vrees en is daarom besitlik? Hier is dit ook belangrik om die psigologiese gevolge van 'n ondersoekende gemeenskap te analiseer. Daar moet vasgestel word hoe hulle opgelos kan word in interpersoonlike verhoudings.

*Women's Lib*, as dit suksesvol wil wees, moet hulle toespits op die verandering van die samelewingstruktuur. 'n Mens kan nie in terme van 'n interpersoonlike verhouding dink en steeds in 'n kapatalistiese samelewing bly leef nie. 'n Aksiepatroon wat gemik is op die liberalisering van vroue en ander onderdrukte groepe, is hoofsaaklik polities van aard. Dit is polities in die sin dat dit nie sy doel kan bereik slegs deur die houdings van mense te verander nie. Om die houdings te verander moet 'n mens die sosiale sisteem verander wat daardie houdings versterk en enige aksie wat daarop gemik is om die sosiale sisteem te verander, is politiek.

Daar is egter nog baie dinge omtrent *Women's Liberation* wat geanaliseer moet word. Verdere inligting kan verkry word in "*Women's Estate*" deur Juliet Mitchell.






CACHET MODES

DIE DAMESWINKEL BIED U

SOMERMODES

WINTERMODES

ONDERKLERE

BROEKKOUSE

TOMSTRAAT 94

# Kuesta vanjaar op Puk

**KUESTA '73, die grootste Nasionale projek van die A S B word vanjaar op die kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir C H O aangebied Dit word van 2-6 April in samewerking met die P O K gedoen**

Mnr. Riaan Odendaal en sy komitee van twee-en-twintig lede is reeds besig om te sorg dat hierdie 'n fees duisend gaan wees.

Daar sal aan die sowat 1 000 studente wat verwag word, losies en etes in die plaaslike koshuise voorsien word.

Kleurvolle palkkate, propvol inligting is reeds gedruk en word versprei. Nadere inligting kan van 'n kontakpersoon op elke kampus bekom word. Inskrywingvorms kan vanaf 5 Maart 1973 van die persoon verkry word. Die sluitingsdatum vir algemene inskrywings is 20 Maart 1973.

Die totale koste vir verblyf en kursusse sal hoogstens R23,50 beloop. Daar word egter deur onderhandeling gepoog om dit te verlaag na R20,00. Persone wat slegs 'n kursus wil volg en eie verblyf reël, betaal slegs R6,00.

Kuesta '73 kan hoofsaaklik in drie groot afdelings ingedeel word: Kursusse, kunsfees en sosiaal.

**Kursusse:**

Elke kursusganger sal 'n kursus in Televisie en nog een van eie keuse loop. Televisie is dan ook die hoofkursus van Kuesta '73. Dit word deur 'n konsortium van drie maatskappye, nl. National, Phillips en Schibaden aangebied. Kursusgangers sal onderrig ontvang in onder andere optrede voor televisiekameras en beligting. Televisiestelle sal in die betrokke koshuise anagebring word. Nie alleen films oor die verloop van die dag se gebeure nie, maar ook ander vesonder interessante films sal vertoon word.

'n Keuse kan verder gemaak word uit een van die volgende kursusse:

**Gournêt:**

Hier word die fynere kunsies van onthaal en die maak van ongewone disse geleer. Mev. Potgieter van die Mielieraad sal resepte vir mieliegeregte aan hierdie kursusgangers gee.



**Mense aan die stuur van sake V l n r is Riaan Odendaal (Voorsitter), Jessica Knoetze (Hoofkursusleidster) en Louis Pienaar (Ondervoorsitter en hoofkursusleier)**

**Sierjuwele:**

Dit is 'n praktiese kursus en sluit in: Emaljewerk, vloeibare glas, kits-keramiek en piouterwerk. Die betrokke kursusgangers sal Johannesburg besoek om sierjuwele wat met verskillende stowwe gemaak is, te sien.

**Pottebakkery:**

'n Kitspottebakkerskursus word 'in samewerking met die plaaslike kunsdepartement aangebied. Dit is goedkoper en vinniger as konvensionele pttebakkery.

**Sweiswerk:**

Die kursus word deur Afrox aangebied en beloof om vir belangstellendes van groot waarde te wees.

**Haarversorging:**

Mnr. Spencer Jennings van Johannesburg sal die aanbieding van die kursus lei. Dit sluit in: Die sny, versorging, kleur en opmaak van hare. Deelnemers moet net hul eie rollers saambring.

**Die Spinnekopmark:**

Dit beloof om 'n besonder interessante en waardevolle kursus te wees. Hieronder val binneshuisversiering, die maak van lekkergoed,- sigaret- en sykousruikers en ook leerwerk. Vanweë die hoë prys van leer sal belangstellendes hul eie leer vir die besondere artikel wat hulle wil maak moet bring.

**Moderne Dans:**

Mans en dames kan hierdie kursus wat onder andere ballet en Spaanse danse'insluit, volg.

**Motorwerktuigkunde:**

Hierdie geweldig praktiese kursus is ideaal vir studente wat nie aldag herstelwerk kan bekostig nie. 'n Gevorderde kursus vir mans en 'n elementêre kursus vir dames, sowel as onderrig in bestuursvernuf, word aangebied.

**Skeppende Borduur:**

Hier kan u enigiets maak met enigiets op enigiets, nes u wil. Mev, Neethling van Nasionale Opvoeding en mev. van Aard van die plaaslike Huishoudkundedepartement sal die kursus lei. Bring letterlik enige materiaal (selfs sement) en u sal touwys gemaak word.

**Valskermspring:**

Slegs persone wat nog nooit gespring het nie, mag deelneem. Die eerste sprong sal gratis wees, daarna betaal die springer vir elke sprong. Valskerms word beskikbaar gestel en valskermkampioene sal die leiding neem. Die moontlikheid bestaan dat 'n stersprong uitgevoer sal word. Fiat (S.A.) Bpk. sal die springers bystaan.

**Veldfilosofie:**

Kom leer oorlewing van mnr. P. J. Schoeman. Bring u slaapsak en kom geniet die uitstappies en 'n nag'in die veld.

**Dwelmbestryding:**

In ons hedendaagse samelewing is kennis van hierdie aktuele probleem uiters noodsaaklik. Mej. Haasbroek van die Polisiekollege sal 'n kursus aanbied oor dwelmmiddels, breinspoeling en die oplei van agente om dit te bekamp.

**Openbare Redevoering:**

Kom leer om 'n heildronk in te stel, 'n persoon aan die woord te stel, as voorsitter op 'n vergadering op te tree en veel meer. Kom kry selfvertroue en word 'n leier.

**Skeidsregterskursus:**

Opleiding word gegee in die taak van en die spelbeheer deur 'n skeidsregter, vir hokkie, rugby en krieket.

**Gholf:**

Die bekende afrigter, Mnr. Hayes, sal hierdie kursus aanbied.

**Kanovaart:**

'n Algemene kursus word aangebied, tesame met 'n resies en hinderniswedrenne.

**Snelvuur:**

Alhoewel die dae van die Wilde Weste in die vergetelheid raak, is snelvuur nog 'n baie gewilde sportxsoort wat tot 'n fyn kuns ontwikkel kan word.

**Perdry:**

In hierdie kursus kan persone nie alleen leer perdry en die fynere kunsies van perdyr aanleer nie, maar ook leer om 'n perd te versorg.

**Fotografie:**

Die Kunsfees sal weereens 'n baie groot deel van Kuesta uitmaak. Belangstellendes kan reëlboekies en inskrywingsvorms by hul kontakpersone kry. Die inskrywings, op die voorgeskrewe vorms, moet die organiseerders nie later as 20 Maart bereik nie. Inskrywings self bv. fotos en skilderye, moet nie voor 2 April ingedien word nie.

Geen professionele persoon mag hieraan deelneem nie. Die beoordelaars, waaronder Mimi Coertse in die sangafdeling, is reeds aangewys. Groot pryse kan ook gewen word.

Die afdelings is die volgende: Uitvoerende Kunste, waaronder 'n musiek, dans, drama en redenaarsafdeling; skeppende kunste waaronder letterkunde en komposisie-uitstalling van beeldende kunste en fotografie; komposies van studenteliedjies en serenadegroepe en ook 'n skaakafdeling.

Die pryswennerskonsert, wat deur hooggeplaasdes in die kunswêreld bygewoon sal word, vind op Donderdag 5 April plaas. Die S.A.U.K. sal in sy soektog na talent vir televisie ook teenwoordig wees. Hierdeur kan Kuesta vir studente die deure na die professionele kunswêreld laat oopgaan.

Die sosiale program is die deel van Kuesta wat dit onvergeetlik gaan maak. Maandagaand vind die amptelike opening plaas. Dinsdag word 'n „inlêfliek" en 'n ware studentevrugtefees op die kampus gehou.



**Van die dames wat behulpsaam is met die reëlings vir die kunsfees**
*Fotokuns.*


MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

★

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek




United Bouvereeniging Agentskap

By Piet Foties (Fotokuns)

TOMSTRAAT 82, DIE BULT, POTCHEFSTROOM

TELEFOON 5985

# OP-L WAA ER RUGBY WAG OP PUKKE

**SAAM MET DIE ENKELE bestuurslede en belanghebbendes het 'n skamele 21 rugbyspelers op die P.U.-Rugbyklub se Algemene Jaarvergadering afskeid geneem van die voorsitter van die klub, prof. S. P. van der Walt, wat aan die einde van Maart na Vanderbijlpark verhuis. Mnr. Johan Claassen, bekende rugbyafrigter en oud-Springbok, wat nie op die vergadering teenwoordig was nie, ins onbestrede tot die nuwe voorsitter van die klub gekies.**

Prof. Van der Walt, wat vir oulaas in sy hoedanigheid as voorsitter opgetree het, het gesê die komende seisoen beloof om uiters interessante rugby op te lewer en die Pukke kan hulle gereed maak vir ure se naels kou.

Reeds op 21 Maart skop die Pukke af in hulle eerste wedstryd op Kroonstad teen Kroonstad Wanderers. Drie dae later, op 24 Maart, sal dit weer die Geeltruie wees wat gasheer speel vir Wesrand.

'n Toer is vir die Aprilvakansie beplan waarin die Pukke op 7 April teen Noord-Natal Subunie op Volksrust sal speel en op 9 April teen Newcastle op Newcastle.

Om die manne in Julie so ver as moontlik van die biltong af weg te hou, is daar reeds met onderhandelinge begin vir 'n toer gedurende hierdie vakansie.

Die Pukke sal vanjaar sake in die A-liga om die Neserbeker uitspook en wil, soos in 1971, sonder 'n enkele nederlaag uit die stryd tree.

Saterdag, 25 Augustus beloof om vanjaar die Kovsies se swart dag te wees, want al wat 'n Puk is gaan dan die tuisskare probeer oortuig dat verlede jaar se nederlaag teen die Blikore net 'n ontydige blaps was.

Almal sal uiters fiks moet wees as ons al hierdie dinge wil regkry, het mnr. Piet Malan, direkteur van die Sportinstituut, gesê. Hy het die spelers, aangemoedig om in hulle vrye tyd te oefen en van die moderne apparate, toerusting en geriewe gebruik te maak, aangesien die amptelike twee spanoefeninge per week heeltemal onvoldoende is.

Die Puk het verlede jaar geweldig baie met beserings gesukkel, gevolglik kon hulle nooit hul beste span in die veld stoot nie. Vanjaar wil dit egter lyk of dinge van meet af aan reg begin en of ons weer die hoogtes van 1971 gaan bereik as daar nie onverwagte teenspoed opduik nie.

Eugene van Wyk, staatmakersenter van die Pukke en W.-Tvl. het weer die spreiligtekwessie ter sprake gebring toe hy bekend gemaak het dat nog net R250 ingesamel is vir 'n projek wat minstens R10 000 sal beloop. Hierdie geld is hoofsaaklik van die rugbyspelers se ouers afkomstig. Die klub is van voorneme om by die P.U.-Atletiekklub en die Wes-Transvaalse Rugbyunie aan te klop vir fondse.

Hy het gesê dat spreiligte 'n groot noodsaaklikheid is en dat dit 'n oplossing sal bied vir die huidige moeilike oefentye en vir die speel van koshuiswedstryde.

Om hierdie saak so spoedig moontlik geskik te kry, is besluit op 'n Spreiligtekomitee 'in die persone van mnre. Eugene van Wyk (Voorsitter), Schalk Hoogenboezem, Dries Coetzer, Frans Kruger en Riaan Lotz.

Mnr. Piet Bosman, voorsitter van die Wes-Transvaalse Rugbyunie, wat ook op die vergadering teenwoordig was, het gesê dat die Puk W.-Tvl. se groot rugbykrag is. Net soos daar op die ander universiteite deur hul onderskeie provinsies staatgemaak word, leun W.-Tvl. ook swaar op sy universiteit.

H het gesê daar vanjaar 'n paar groot tuiswedstryde op die Mielieboere wag, onrer andere teen W.P., O.P., N.-Tvl., O.-Tvl., 'n toerspan uit Italië en 'n skadu-Springbokspan. Dis hier waar die Puk se volle gewig moet 'ingooi sodat net die beste span teen die besoekers in die veld gestoot kan word.

Hy het die Pukke alles van die beste toegewens vir die seisoen wat reeds aan die deur klop en sy dank betuig teenoor prof. Van der Walt en wat hy vir rugby in W.-Tvl. gedoen en beteken het.

Mnr. Hans van Zyl, sekretaris van die klub, het gevra hoe dit inmekaarpas dat die krieket-, tennis- en atletiekklub elkeen met sy eie voltydse afrigter kan spog, terwyl die rugbyklub, wat by verre die grootste sportklub aan die Universiteit is, niemand in hierdie hoedanigheid het nie. Hy het gevra dat besondere aandag aan die kwessie van 'n voltydse rugbyafrigter en -organiseerder geskenk moet word.

Die president van die rugbyklub, prof. H. Coetzee, het aan die einde van die vergadering 'n afskeidswoord namens die klub aan prof. Van der Walt gerig. Hy het hom bedank vir sy lojale diens en gesê dat prof. Van der Walt lank onthou sal word vir wat hy gedoen het vir die bevordering van rugby.



**Montium op uitstalling.** *Fotokuns.*

# MONTIUM

28 Montiumlede het verlede jaar vanaf 23 November tot 3 Desember in die Cederberge 'n bergstaptoer onderneem. Hulle het in geweldige hitte rondgestap (ongeveer 112o F.), en het helaas geen koelte van bome gevind om hulle teen die warm son te beskerm nie. Die Montiumlede verseker ons dat hulle elke bergstroompie ten volle waardeer het. Hulle het bykans van stroompie tot stroompie gestap om bietjie lafenis te vind.

In die Cederberge het hulle die Maltese kruis ook gesien. Hierdie interessante verskynsel bestaan uit 'n soliede rotsblok wat soos 'n kruis lyk en ongeveer 6 verdiepings hoog is.

Op hulle terugtog het hulle by Lambertsbaai 'n draai gemaak. Daar het hulle saam met die kreefbote uitgegaan na die diepsee om te help om krewe te vang. Hierna was driekwart van die toerlede ongelukkig so siek, dat hulle skaars geweet het dat hulle op pad huis toe is.

'n Groep het egter 'in die Kaap agterbebly onder leiding van Bingo Kruger. Hulle het saam met Exploratio, van die Universiteit van Pretoria, op 'n rotsklimtoer gegaan. Gedurende hierdie rotsklimtoer het hulle sowat 3 000 myl afgelê. Hulle het verskillende bekende pieke geklim. Die rotse 'in die Swartberge was eerste aan die beurt, daarna Baineskloof, Matroosberg, die Witsenberge, weer die Cederberge en heel laaste het hulle die rotse op Tafelberg aangedurf. Op Tafelberg het die groep twee roetes gevolg, nl. „Arrowface Final" en „Africa Walk". Die „Arrowface Final"-roete is reg onder die kabelspoor. Die „Africa Walk" was ook sommer 'n stywe klim. Die groep het die oggend om 10.30 al begin klim en die aand om 8.00 was hulle eers bo op Tafelberg.

Maar al die Montiumlede is dit eens dat hulle op hierdie toere van hulle baie geleer het.

# P.N.B. Kuier in Suide

Al gehoor van 'n vyfsterafskop? Nog nie? Nouja, dit was P.N.B. se groot begin van die nuwe jaar: 'n toer na die Parlementsopening in Kaapstad vanaf 1 tot 6 Februarie 1973.

Voor die openingseremonie het die groep die inswering van die nuwe lede in die Volksraad bygewoon. Toe het die kleurvolle tot-die-sekond-berekende presidensiële optog gevolg met die Presidentswag en pronkperde. Die dames was natuurlik veral geinteresseerd in die modeskeppinge.

Dr. Paul van der Merwe, 'n kenner van parlementêre sake, het 'n hele oggend opgeoffer om die groep met die ontstaansgeskiedenis, (soms) koddige tradisies, en werking van die parlement bekend te stel.

Spesiale vergunnings was onder meer besoeke aan die Parlementsbiblioteek, die Senaatsaal en die Volksraadsaal. Besonder aangrypend was 'n kykie na die plek waar dr. H. F. Verwoerd vermoor is.

Die bywoning van die wantrouedebat was die hoogtepunt der hoogtepunte. Veral die tussenwerpsels was uiters interessant.

Die groep het tuisgegaan by dr. en mev. C. P. Mulder in Kleinschuur en by 'n aantal volksraadslede in Aksiepark, die spesiale dorp vir parlementslede en amptenare. Dr. en mev. Mulder se gasvryheid, asook die van die tydelike „pa's" en „ma's" sal lank onthou word. Almal was deurgaans baie gasvry.

Die toergroep het Tafelberg per sweefspoor bestyg en ook die Kasteel, Chapman's Peak, Kaappunt, Simonstad, die Parade en die Groote Schuur Landgoed besoek.

Humoristiese gebeurtenisse was daar ook. Na die papwielepisode in Du Toitskloof kan Jessica Knoetze maar 'n verkeerskonstabel word! Die Suidoos het die kleine Erika Stoop sommer omgewaai. Vir Ineke Lindhout was die toer 'in 'n ander opsig gedenkwaardig — sy het vir die eerste keer die see gesien.

Die toergroep het uit 21 lede bestaan. Drie kombi's van die P.U. het die lang pad na die Kaap aangedurf.

Die toer is die breinkind van Erika Stoop, wat verlede jaar tydens 'n P.N.B.-vergadering die voorstel ingedien het. Tydens die vakansie het Pieter Mulder die reëlings gefinaliseer. Danksy sy uitstekende organisasie was dit 'n onvergeetlike toer. Vir baie was dit ook die verwesenliking van 'n lewensideaal.


## 20th Century

**Maan 12, Dins 13:**

**DOCTOR IN CLOVER**

**Leslie Philips**

**Shirley Ann Field**

★

**Begin Woens 14:**

**THE SOUND OF MUSIC**

**Julie Andrews**

**Christopher Plummer**

## Goue Weste

**Maan 12 Maart, 7 00 nm :**
**Dins 13 Maart, 7 00 nm :**

**Jean Louis Trintignant**

**Domini-ue Sanda**

**WITHOUT APPARENT MOTIVE**


# Afrikaners al 40 Jaar los van Nusas

**Vervolg van bladsy 7.**

Nusas is besig om hom te beywer vir verandering van die stelsel wat ons in Suid-Afrika ken. Die verandering gaan nie soseer om die opheffing van die Kleurslagboom nie, dit gaan om die verandering van die kapatilistiese stelsel na 'n sosialistiese stelsel. In "Wits Student" van 3 September 1071 sê John Kane-Berman, 'n voormalige Nusasleier, " One thing which struck me as a good development since my return is that far more attention is being paid by Nusas to economic issues."

Nusas het drie onderliggame nl. Aquarius (kultureel), Nused (Opvoedkundig) en Nuswel (Wel synorganisasie).

**PAS DIE SKOEN ONS?**

Ons kan leer by Nusas. Hulle ywer, vuur en idealisme waarmee hulle hul doestellings wil verwesenlik moet vir ons as Afrikaner-studente 'n voorbeeld wees. Ons moet as Afrikanerstudente wakker skrik uit ons slaap, want terwyl ons met 'n gevoel van genoegdoening rustig voort slaap, werk ander studente volstoom met idealisme om die bestaande orde in ons land omver te gooi. Ons moet ons volle gewig ingooi by ons eie organisasie, die Afrikaanse Studentebond, om met 'n positiewe dinamiese benadering te veg vir die behoud van ons eie — ons Afrikaner-erfenis. Met Nusas as organisasie wil ek niks te doen hê nie!


## DIE NES

**BUITELEWE SENTRUM**

★

Alle toerusting vir buite-lewe entoesiaste. Ons verskaf alle ka peertoerusting,

asook

## JURGENS EN VENTER WOONWAENS

**en sleepwaens.**

★

## FLORNALEDE:

**Ons is bereid om u spesifieke toerusting op bestelling te kry!**

★

WOLMARANSSTRAAT 40

TELEFOON 7328

POTCHEFSTROOM

# VEERTIEN WORD REKORDHOUERS

**EEN Wes-Transvaalse en tien P U -rekords is verbeter en drie universiteitsrekords is geëwenaar op die atletiekkampioenskappe wat Woensdagaand op die Bill Swart-ovaal gehou is. Verskeie ander goeie vertonings van bo die gemiddelde klubgehalte is ook gelewer**

Piet Meyer het die Wes-Transvaalse rekord oor die 1 500 m stap verbeter na 13 min. 11,2 sek. Hy is die S.A. junior rekordhouer in die nommer.

Andries Krogmann het die 5 000 m in die uitstekende tyd van 14 min. 19,0 sek. voltooi. Die hoogte bo seespieël maak dit een van die beste prestasies van die aand.

Susan Marx het in die hoogspring vir vroue die kwalifiserende hoogte van 5' 6" vir die S.A. Spele bereik.

Ander rekords is Dawid Kuhn (o.19) se 14,4 sek. oor die 110 m. hekkies en 10,9 sek, oor die 100 m, Piet van der Walt se 10 min. 8,8 sek. in die 3 000 m hindernis, Koos Boshoff se 54,8 sek. oor die 400 m hekkies (hy het ook die rekord van 48,9 sek, oor die 400 m geëwenaar) Ria van den Berg se 18' 10½" in die verspring vir vroue, Henk du Toit se 15,80 m in die gewigstoot vir junior mans, Anne Hayward se 57,5 sek. in die 400 meter vir vroue en Klawerhof se 50,2 sek, in die 4 x 100 m aflos vir dames.

Willie Coetzee het sy eie rekord van 14,5 sek. oor die 110 m hekkies geëwenaar en Ruanda Jacobs haar eie 11,7 sek. oor die 100 meter.

Ander eerste plekke:

*Mans:* 100 m: T. Ferreira, 10,9 sek.; 800 m: D. Schoeman, 1 min. 53,8 sek.; verspring: J. Hunter, 23' 2½"; 200 m: H. Bosman, 22,3 sek.; spiesgooi: J. Prinsloo, 192' 4"; hamergooi: C. van der Merwe, 50,71 m; gewigstoot: H. Booysen, 15,56 m; driesprong: J. Hunter, 48' 11½"; 1 500 m: R. Gray, 3 min. 59,0 sek.; paalspring: J. Vermeulen, 14' 6½"; hoogspring: C. Spamer, 1,87 m; skyfwerp: H. Booysen, 43,86 meter.

*Junior Mans:* Verspring: N. Swartz, 20' 5"; paalspring: B Heymans 10' 11¾"; 800 m: J. van Rensburg, 2 min. 1,1 sek.; 200 m: D. Kuhn, 22,9 sek.; spiesgooi: W. Geyer, 205' 4"; driesprong: J. Kruger, 42" 4F'; 1 500 m: J. van der Walt, 4 min. 6.3 sek.; hoogspring: H. Troskie, 1,93 m; 400 m: B. Schmidt, 51,6 sek.; skyfwerp: H. du Toit, 46,86 m.

*Dames:* 100 m hekkies: R. van den Berg, 14,4 sek.; 600 m: R. de Klerk, 2 min, 23,7 sek.; 200 m: R. Jacobs, 24,7 sek.; gewigstoot: M. Viljoen, 13,64 m; skyfwerp: M. Viljoen, 45,46 m; 1 500 m; R. de Klerk, 5 min. 5,3 sek.; aspiesgooi: A, Potgieter 109' 5F".

*Junior dames:* Skyfwerp: C. Schoombee, 34,35 m; spiesgooi: A. le Roux, 78' 0".

Piet Groblerhuis en Dorp het die mansafdeling gewen met 204 punte en Klawerhof en Dorp die dames-afdeling met 114 punte.




**Andries Krogman, puik langafstandatleet van die Puk op pad na 'n nuwe universiteitsrekord in die 5 000 meter.**




**K. Boshoff eindig net voor springbok Willie Coetzee in die 200 meter vir mans. Willie Coetzee het tydens die senior atletiek kampioenskappe 'n welkome hertoetrede tot die atletiekbaan gemaak.**







**Bo: Robert Gray wat die 1 500 meter vir mans gewen het in 3 min. 59,0 sek. draf hier voor op pad na oorwinning.**

**Regs: Sierlik seil Susan Marx oor die dwarslat op pad na haar wenhoogtet ydens die senior-atletiekkampioenskappe.**
*Fotokuns.*

**Heel regs: Piet Meyer op pad na sy Wes-Transvaalse rekord in die 3 000 meter stap, met H. Badenhorst kort op sy hakke.**
*Fotokuns.*





"Aanstoot, Weerlig! Hoe langer jy draal, hoe meer rente verloor ek!"

**Dit werk regtig so!**
**Open 'n Spaarrekening by Saambou-Nasionaal. Jy kan enige plek in die land geld daaruit onttrek. En enigiemand (selfs jou pa) kan enige plek in die land geld op jou rekening inbetaal. Boonop betaal ons jou 4% rente op *daaglikse* balans... net omdat jy so slim is!**

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING


## Ses Pukke in Trekspan

Na afloop van die Senior-atletiekkampioenskappe is ses Pukke ingesluit in die Wes-Transvaalse Trekligaspan wat ver lede Woensdagaand teen die Grens en W.P. op die Bill Swart Ovaal kragte gemeet het.

Hulle was: Andries Krogman, Willie Coetzee, Ruanda Jacobs, Marié Viljoen, Yvonne Kitshoff en Susan Marx (reserve).

## PUK- ATLETE PRESTEER MOOI

**OP 24 Februarie het 'n Pukatletiekspan deelgeneem aan die De Loorskild-byeenkoms in die Pilditch-stadion in Pretoria. Verskeie Puk-atlete het gewys dat daar nog beter vertonings van hulle later in die seisoen verwag kan word.**

Pas terug van sy oorsese toer, het Andries Krogmann die 5 000 m. gewen in 14 min. 25 sek. terwyl nog 'n Puk die derde plek in dieselfde nommer ingeneem het nl. Dirk Schoeman (15; 6,0).

John Vermeulen het sy oorwinning op die Dalrymple (15' 6") opgevolg met nog 'n eersteplek Saterdag (14' 6", 4,42 m.). Met meer oefening en toewyding, behoort Vermeulen nog beter te vaar.

In die 1 500 m. vir mans het Bernard Rose geseëvier met 3:51,4 terwyl Charl van der Merwé met 'n derdeplek in die hamergooi weggestap het (52,35 m.).

Onder die dames het Ruanda Jacobs, Marli van Rensburg, Marie Viljoen en Ria van den Berg die Puk se naam hoog gehou.

Ruanda Jacobs was tweede in die 100 m. vir dames, na Claudie van Straaten, met die goeie tyd van 11,7 sek. In die 200 m. het Ruanda se 24,5 sek. aan haar 'n goeie derdeplek besorg.

In die 100 m. hekkies vir dames het die Pukdames die tweede en derde plekke ingepalm na 'n oud-Puk, Hybré de Lange, se skitterende 13,7 sek. Ria van den Berg was tweede (14,7 sek.) en Marli van Rensburg derde in dieselfde tyd.

In die verspring vir dames het Marli van Rensburg ook 'n derdeplek behaal met 'n sprong van 5,82 m.

Marié Viljoen moes tevrede wees met 'n tweedeplek in die gewigstoot vir dames na 'n stoot van 13,85 m.

Puk vertonings tot en met die S.A. Spele in Pretoria en die S.A. Kampioenskappe wat vanjaar in April hier op Potchefstroom plaasvind, behoort groot skares na ons atletiek te lok.

## PUKKE NA SPELE

Die volgende persone het reeds gekwalifiseer en die nommer waarin gekwalifiseer is verskyn tussen hakkies:

Andries Krogman (5,000 m. 10,000 m., 3,000 m. hindernis).
Deon Troskie (hoogspring).
John Vermeulen (paalspring).
Johan Hunter (driesprong).
Hansie Booysen (gewigstoot, werpskyf).
Ruanda Jacobs (100 m.).
Ria van den Berg (100 m. hekkies).
Susan Marx (hoogspring).
Marié Viljoen (gewigstoot, werpskyf).

Onder die atlete wat reeds gekwalifiseer het, word 'n hele aantal oud-Pukke ook gemerk:
Fanie van Zijl (1500 m.).
Bernard Rose (5,000 m.).
Dawid Booysen (gewigstoot).
Bea Marais (800 m., 1500 m.).
Hybré de Lange (100 m. hekkies, hoogspring).

As daar jaar na jaar na die prestasies van die bogeneomde atlete gekyk word, skort daar niks met die Puk se atletiekkrag nie en het ons ook niks te vrees vir die toekoms nie.